SOUTH DEVONS

Prime Beef SOUTH DEVONS Prime Beef



Nuusbrief / Newsletter - Volume 1 • 2008

Job 38:3 …Ek sal vra, antwoord jy My.

:22 …Het jy al die plek gesien waar die hael gebêre word…?

:25 …Wie het vir die stortreën 'n pad oopgekap en vir die donderwolke hulle koers bepaal…?

SOUTH DEVON
raad/council 2008

Back/Agter: *Bernard Burger (ARC Representative/LNR Verteenwoordiger), Ian Turnbull (Council member/Raadslid), Dan Kriek (Vise/Vice President), Valana Olivier (Secretariat/Sekretariaat)*
Front/Voor: *Me Lettie Kruger (SA Stamboek/Studbook), Tielman Nieuwoudt (President), Chris Els (Secretariat Manager/Sekretariaat Bestuurder)*

van die President
from the President

Tielman Nieuwoudt

Die landboubedryf het lanklaas so 'n bloeitydperk soos huidiglik beleef. In byna al die produksie gebiede het bo-normale reën die afgelope seisoen geval. Saaiboere beleef een van hul beste seisoene nog, wat opbrengs en produkpryse betref. Met die veeboere gaan dit nie heeltemal so goed nie, aangesien vleispryse onder geweldige druk as gevolg van die hoë graanpryse is. Veepryse beweeg sydelings met 'n geringe mate van groei. Die South Devons beleef ook 'n goeie jaar en ons koeigetalle toon 'n groei van 10-12%.

Die South Devon Beestelersgenootskap gaan nou wel nie in persoon aan die Wêreld Kongres in Kanada deelneem nie, maar wel in beeld. Dankie aan Dan Kriek en sy span vir die maak van die DVD oor ons Genootskap en sy aktiwiteite. Die South Devon DVD gaan tydens die Wêreld Kongres 2008, in Kanada vertoon word.

Voorwaar 'n hoogtepunt vanjaar, is die South Devons se prestasies in die Nasionale Prestasietoetsskema se jaarverslag vir 2007. Die South Devon kudde as geheel se gemiddelde TKP is 387 dae, die laagste van alle rasse. Baie dankie aan elke teler wat gehelp het om die syfer laag te hou. South Devons bly een van die vrugbaarste rasse in Suid-Afrika en hierdie ekonomiese faktor kan nie gering geskat word nie.

Gedurende die eerste helfde van 2008 was South Devons op Lichtenburg Skou, Vryburg Skou en Nampo te sien. Baie dankie aan Attie du Plessis vir die kwaliteit diere en sy toewyding aan die ras. Daar word met groot afwagting gekyk na die Pretoria Skou se Prestasietoetsklas vir Fase C bulle in Augustus 2008, aangesien die South Devons deur 'n besondere bul van die Aduvon Stoet verteenwoordig sal word.

Die bulveilings wat op hande is, beloof ook om alle verwagtinge te oortref en alle telers word sterkte met die veilings toegewens. Ek vertrou dat u elkeen 'n baie goeie oestyd beleef en waar ons ook aan die vooraand van 'n kalfseisoen staan, hoop ek dat alles glad sal verloop.

The past season has been one of the best in many a year and the agricultural sector is flourishing at present. Good rainfall figures have been recorded in almost all production areas of South Africa. Grain farmers are experiencing one of their best seasons concerning yield and commodity prices. Livestock farmers are struggling to make a profit because of the detrimental effect that the high grain prices are having on meat prices. Livestock prices stagnated and are yielding limited growth. The South Devons are experiencing a continued period of growth with cow numbers increasing by 10 -12%.

The South Devon Cattle Breeder's Society will not be represented in person at the World Congress in Canada, but rather visually with help from the electronic media. Thank you to Dan Kriek and his team for producing the DVD reflecting our Society and all its activities. The DVD will be presented at the World Congress 2008, in Canada.

The highlight of this year will undoubtedly be the achievements of the South Devon breed as reflected by the Annual Report of the National Performance Test Scheme for 2007. The South Devon herd achieved an ICP of 387 days, the lowest of all breeds participating in the scheme. Thank you to every breeder for your efforts in keeping this figure as low as possible. It is a fact that the South Devon remains one of the most fertile beef breeds in South Africa and the economic benefits thereof should not be underestimated.

South Devon cattle were exhibited at Lichtenburg Show, Vryburg Show and Nampo during the first half of this year. Thank you to Attie du Plessis for maintaining a high standard of quality and dedication to the breed. We look forward with anticipation to the Special Performance Test Class at the Pretoria show as the South Devons will be represented by an excellent bull from the Aduvon herd.

The upcoming bull sales promise to exceed all expectations and I would like to wish all breeders the best in this regard. I trust that every one will experience a prosperous harvesting season, as well as a trouble free calving season.

ALGEMENE JAAR VERGADERING

Die Algemene Jaarvergadering van die South Devon Telersgenootskap het gedurende Maart vanjaar in Bloemfontein plaasgevind en is deur sewe telers bygewoon. Die Jaarvergadering was buiten die gewone formaliteite, weereens 'n geleentheid waar almal in die South Devon familie gesellig saam kon verkeer.

Die program het onder andere 'n baie interessante werksessie oor handelsmerke, oftewel "Branding" ingesluit, wat deur Prof. Piet Wilke aangebied is. Branding sluit baie meer as net 'n fisiese handelsmerk in en het betrekking op hoe jy jou produk of kudde in totaliteit in die Stoetveebedryf bemark. Is jy 'n teler wat net diere verkoop OF verkoop jy 'n unieke geleentheid en opwindende teelervaring van rasontwikkeling en genetiese vordering met al sy betowering?

Gedurende die AJV is Tielman Nieuwoudt as President, Dan Kriek as Vise-President en Ian Turnbull as Raadslid herkies.

Die volgende telers het sertifikate vir die beste gemiddelde TKP's wat gedurende 2007 behaal is ontvang:

TELER	KUDDE GROOTTE	TKP
Tielman Nieuwoudt – Nieubaden stoetkudde	21	369
Ian Turnbull – Andiro stoetkudde	82	371
Attie Du Plessis – Aduvon stoetkudde	95	387
John Miller – Winston stoetkudde	248	390

ARC BEST PRODUCING COWS AWARDS – REQUIREMENTS

A. Registered breeds:

1. Cow must be alive at run date of the Best Producing Cows report.
2. Cow must be owned by an active Beef Scheme member on run date of the Best Producing Cows report.
3. Cow should have at least five natural calving dates on record on run date of the Best Producing Cows report.
4. Cow's age at first calving should not exceed 1187 days (39 months).
5. Cow's average ICP (for all natural calvings) should not exceed 425 days.
6. Cow should have had a natural calving in the past 548 days (18 months) before run date of the Best Producing Cows report.
7. After the first calf with a reliable weaning weight a cow may have maximum two calves without a weaning weight or with an unreliable weaning weight.

Telers wat die AJV bygewoon het:
Agter vlnr: Gielie van Zyl, Barrie van Zyl, John Miller & Attie du Plessis
Voor vlnr: Ian Turnbull, Tielman Nieuwoudt, Mev. Lettie Kruger (SA Stamboek) en Dan Kriek

Tielman Nieuwoudt het die Nieubaden Wisseltrofee van Mev. Lettie Kruger van Stamboek vir die beste gemiddelde TKP van 369 dae in die South Devon Genootskap ontvang

Me Lettie Kruger handed out 3 Superior cow awards and 1 Excellent cow award to Dan Kriek

8. Breeding value requirements:

   8.1 Only cows with EBVs from an ARC BLUP run in the past 548 days before run date of the Best Producing Cows report will be considered.

   8.2 Wean direct breeding value within the best 50% of the active female animals in the breed.

   8.3 Wean maternal breeding value within the best 50% of the active female animals in the breed.

   8.4 Birth direct breeding value within the lowest 99% of the active female animals in the breed.

   8.5 Birth maternal breeding value within the lowest 99% of the active female animals in the breed.

Note: The newest breeding values available on INTERGIS on run date of the Best Producing Cows report will always be used.

9. Minimum number of calves with reliable weaning weights:

Elite award	:	7 calves
Superior award	:	6 calves
Excellent award	:	5 calves

The breeders in picture received ARC-Best Producing Cow Awards for the year 2007 at the AGM. Receiving an award like this emphasizes the excellent fertility of the cow, but also good management practices on behalf of the breeder himself. Theo Goosen received two excellent cow awards in his absence.

Me Lettie Kruger handed out 2 Excellent cow awards to John Miller

Me Lettie Kruger handed out 1 Superior cow award to Ian Turnbull

Me Lettie Kruger handed out 2 Elite, 2 Superior and 1 Excellent cow award to Attie du Plessis

ARC
Annual report 2007

The South Devon breed has once again performed exceptionally well during 2007 according to Performance test results published by the Agricultural Research Council in their Annual Report.

The following key performance areas of economic importance illustrate that the South Devon breed performs extremely well and more often than not, better than other breeds if compared to the National Average. The South Devon breed had the best ICP of all breeds in the Performance Test Scheme, in other words – TOP FERTILITY!

	BREED	National Average
ICP (TKP)	387	418
Birth weight (GEB MASSA)	38	34.9
Wean weight (SPEENGEWIG)	233	216
Age first calve (OEK)	33.8	32.2
Wean Ratio (SPEENVERH.)	46.21	43.8
ADG (GDT)	2014	1750
Feed Conversion (VOV)	5.59	6.01

'n Wenresep!

KRUISTELING

Die South Devon x Afrikaner

Jan Morrison, 'n mediese dokter en deeltydse beesboer van Winburg in die Vrystaat, het gedurende 2006 met die South Devon Telersgenootskap kontak gemaak om meer oor die South Devons uit te vind. Jan wou graag weet hoe die South Devon met sy Afrikaner koeie sou kruis en soos baie van u weet is daar nie 'n mooier en beter kruiskoei as juis hierdie kruis nie. Twee jaar later kan Jan nie uitgepraat raak oor sy Afrikaner-South Devon kruiskalwers en –verse nie. Hier volg sy verhaal in sy eie woorde:

My ondervinding met die South Devon beesras het in Augustus 2006 begin toe ek vir my 2 South Devon bulle aangeskaf het. Ek het op South Devons besluit nog voordat ek hulle in lewende lywe gesien het.

My basislyn vroulike kudde bestaan uit Afrikaners. Ek het spesifiek na die volgende eienskappe gekyk toe ek na 'n nuwe ras gesoek het om hulle mee te kruis.

1) Vrugbaarheid (TKP <390 dae);
2) Goeie melkproduksie, sodat kruisverse groot kalwers kan speen;
3) Goeie temperament (net om so 'n kurkproppie op die punt van die Afrikaner se horing te sit).

Ek het reeds verskeie kruisings met die Afrikaner op die proef gestel. Die artikel is nie gemik om ander rasse sleg te maak nie, dus gaan ek hulle nie hier noem nie. Nie een van die kruisings het na wense presteer nie. Van elke 10 verse wat ek teruggehou het, is omtrent net 3 van hulle 5 jaar later nog in die kudde.

Sedert ek South Devons deel van my boerdery gemaak het, is my 3 mikpunte bereik en ek het sommer op die koop toe 'n paar aangename verrassings gekry:

1) My suiwer Afrikaners speen kalwers met 'n gemiddeld van 215kg op ± 180 dae. Ek speen kalwers vroeër omdat ek my nie oor kondisie van koeie gedurende die winter wil bekommer nie.

2) Die kalwers is so klein met geboorte dat ek intussen al my oop verse ook met South Devon bulle begin dek het. Die afgelope twee jaar het ek nie een kalf getrek of 'n kalf verloor wat van 'n South Devon bul moes kalf nie. Die verse was meestal Afrikaner, Sanganer en Simbra. Herbesetting op my verse was 100% binne dieselfde dekseisoen gewees.

3) Die South Devon bulle loop op 'n onherbergsame plaas waar hulle ver vir water en weiding moet loop. Hulle loop die hele jaar by die koeie, met slegs 'n kort rusperiode van middel Augustus tot middel Oktober wanneer hulle byvoeding voor die dekseisoen kry. Meer as 90% van my koeie is reeds teen einde Oktober klaar gekalf.

Samevattend sit ek nou met 'n oorwegend rooi, eenvormige bees met 'n rustige geaardheid. Sy kalf maklik en het genoeg melk om die kalf vroeg te kan speen. Die bulkalwers staan nie terug vir my Simbra kalwers nie. Die verse gaan reeds op 15 maande bulle toe met 'n gemiddelde gewig van 340kg plus.

Wat wil jy nou meer hê as jy jou plaas moet afbetaal met vleis!!!!

Jan Morrison, Winburg
082 785 5348

OPLEIDINGSKURSUS & KEURINGSDAG

by Bellary South Devons

Die jaarlikse keuring van Bellary South Devons het vanjaar terselfdertyd ook as opleidingskursus gedien. John Miller, Ian & Sharon Turnbull het die opleiding behartig en elke vers of bul is behoorlik bespreek om die goeie en swak punte uit te wys. Twee kommersiële telers, André Louw en Roelf Jacobs het saam met Gielie en Barrie van Zyl die opleidingskursus bygewoon en almal het 'n beurt gekry om self diere te keur en te sê waarvan hulle hou en nie hou nie. Almal teenwoordig het na afloop van die kursus gevoel dat hulle weereens baie geleer het en die hoop uitgespreek dat ons meer tyd vir sulke geleenthede moet skep. Die keuringsdag is die volgende dag deur 10 kommersiële telers bygewoon.

Voor vlnr: Sharon Turnbull & Dan Kriek
Agter vlnr: André Louw, John Miller, Gielie van Zyl, Ian Turnbull, Roelf Jacobs & Barrie van Zyl



JOERNAAL HET VERSKYN

Die nuwe South Devon Joernaal het vroeër hierdie jaar verskyn. Indien u nog nie 'n kopie in die pos ontvang het nie is u welkom om die South Devon kantoor te skakel. 'n Kopie sal gratis aan u gepos word.



SOUTH DEVON 7th WORLD CONGRESS

CALGARY, CANADA

The South Devon Cattle Breeders' Society produced a DVD to be presented at the World Congress in Calgary, Canada during July 2008. The twelve minute DVD is aimed at informing the members of the World Congress about the South African South Devon, the geographical distribution, relevant performance test data, marketing strategies, as well as inputs from Leslie Bergh and Dr. Japie van der Westhuizen concerning top producing cows, trait leaders, BLUP values, data exchange and internationalization of breeding values.

We hope the presentation will open doors to the international market for South Devon genetics, for we believe that the South African South Devons are on an equal footing to their overseas counterparts. Anyone interested is welcome to order a copy of the DVD from the Society.

Semenlyste en DEKLYSTE

Semenlyste van alle semen in u besit moet die South Devon kantoor voor die einde van Julie bereik. 'n Volledige lys van semenskenkers in die South Devon ras sal op die Raadsvergadering in Oktober goedgekeur word. Geen kalwers wat deur kunsmatige inseminasie verwek is, sal voortaan geregistreer kan word indien die bul nie as 'n semenskenker geregistreer is nie.

Deklyste van die pasafgelope dekseisoen moet die South Devon kantoor so spoedig moontlik bereik. Indien 'n deklys ontbreek sal nuwe geboortes van kalwers nie geprosesseer kan word nie.

NAMPO HARVEST DAY 2008

The South Devons were once again represented at the annual Nampo Harvest Day near Bothaville in the Free State. Thank you to Christine Nieuwoudt for decorating the exhibition area and to Attie du Plessis for providing cattle for the exhibition. We all appreciate your efforts in marketing the South Devons.

SOUTH DEVON SALES 2008

South Devon bulls will be available at the following sales:

14 August – East Cape Club Sale, Cathcart
11 September – Vryburg Stud Bull Sale
20 November – Vryburg Stud Bull Sale

You are welcome to contact any of the South Devon Breeders in your area regarding your bull needs for the coming breeding season.

PHOTO *Gallery*

Die Genootskap het 'n konstante behoefte aan goeie en mooi foto's van South Devon beeste om in publikasies soos nuusbriewe en joernale te gebruik. Kommersiële telers word vriendelik versoek om vir ons mooi foto's van jul beeste te stuur. Die persoon wat die mooiste foto instuur, sal aan die einde van die jaar 'n prys vanaf die Genootskap ontvang.



Baie dankie aan George & Tamara Hatley van Memel wat hierdie pragtige foto's van hul South Devon beeste ingestuur het.

SOUTH DEVON
BEESTELERSGENOOTSKAPVANS.A./CATTLEBREEDERS'SOCIETYOFS.A.
Posbus/PO Box 9777 • Bloemfontein 9300
Tel: 051 430 2455 • E-mail: sdevon@studbook.co.za
Website: http://studbook/society/southdevon/

MEMBERSHIP LIST / LEDELYS

NAME	HERD NAME	ADDRESS	TELEPHONE
DU PLESSIS, ACO	ADUVON	PO BOX 313 COLIGNY 2725	018 673 2180 082 891 0202
GOOSEN, TP	XIBIT	SPITSHOEK PO BOX 811 POLOKWANE 0700	015 295 9014 015 295 5040 082 990 7275
KRIEK, DJ & JA	BELLARY	PO BOX 86 TWEELING 9820	058 881 0445 082 944 0566
MILLER, JF	WINSTON	PO BOX 88 CATHCART 5310	045 843 1736 083 659 8269
NIEUWOUDT, T	NIEUBADEN	PO BOX 641 SCHWEIZER-RENEKE 2780	082 524 8544
TURNBULL, IR	ANDIRO	PO BOX 134 BARKLY EAST 9786	045 974 9207 082 705 3056
VAN NIEKERK, CK	MAGPELA	P/BAG X830 HARRISMITH 9880	058 625 0063 083 702 3783
VAN ZYL, G & B	JOHSTEP	PO BOX 880 KIMBERLEY 8300	053 833 2322 082 441 1297 083 459 7616

Speciale

PRESTASIETOETSKLAS VIR BULLE

Die silwer meriete bul AC 06-20 van Attie du Plessis is genomineer om die South Devon ras tydens die spesiale prestasietoetsklas by die Pretoria Skou te verteenwoordig. Sterkte aan Attie met die voorbereiding van die bul en ons vertrou dat die bul goed sal vaar.